



Raisins

South Africa



Nuusbrief

Okt / Nov 2022

Inhoud

NAVORSING & ONTWIKKELING

1. Algemene seisoenoorsig >

3. Fokusgroep Sessie 20 Julie 2022 >

4. Raisins SA: Tegniese Roadshows >

5. Charl Baard: Farmer's day
in Kakamas >

7. Climate Smart Agriculture
(CSA) Projek >

9. Weerstasie uitrolprogram >

13. Seisoenbestuur >

14. Residubestuur >

16. SAPO Trust Nuus >

17. Vrugtevlieg skadebepaling >

19. Geïntegreerde Plaagbestuur
(GPB) vir vrugtevlieë >

MARKTOEGANG, INTELLIGENSIE & ONTWIKKELING

23. Brief vanaf voorsitter >

24. Verpakkingsrisiko's >

25. PowerPulse (Standard Bank) >

28. Export trading company seminar >

29. Kwaliteit van rosyne >

30. Logistics >

31. Sustainability and the
global food system >

34. VINPRO >

36. Landbou en Verwante
Volhoubaarheidsdag >

TRANSFORMASIE

39. Information session of
Landbank with farmers >

40. HMO Scatec Students >

41. Strategic session with
Agri -Seta CEO >

42. Trade Forward Report on
compliance training >

45. Vine Academy & Model Farm >

INLIGTING & KOMMUNIKASIE

47. Carpe Diem Raisins verwelkom
nuwe besturende direkteur >

48. Raisins SA GALA >

53. Simposium 2022 >

55. SASEV Tafeldruif en
Rosyntjiedruif Inligtingsdag >

58. Renumeration during loadshedding >

59. The Way Forward With
Zimbabwean Employees >

61. Kantoornuus >



Navorsing & Ontwikkeling

Algemene seisoenoorsig September

Deur: Stefan Jordaan, Raisins SA

Met die na oes tydperk wat geken was deur baie hergroei weens die hoë reënval en gepaardgaande donsskimmel, was daar groot vrese van reserwe tekorte met bot die seisoen.

In die bedryf se guns het die temperature vinnig begin afneem en nie laat soos meeste seisoene nie – dit het gemaak dat die wingerde natuurlik stadiger begin groei het wat positief was.

Die winter het vroeg weggespring wat ook positief was soos wat teoreties sy koue eenhede benodig tussen middel Mei en middel Junie. Julie was toe weer warmer as normaal en wingerde het dus met bottyd vroeg begin bot – in die meeste gevalle op vroeë kultivars tot 10 dae vroeër, maar dit wil voorkom of die later kultivars weer reggetrek het. Daar kon wel gesien word hoe wingerde wat tekorte in reserwes het soos byvoorbeeld swakker lootjies baie vroeg gebot het.

Vroeg na blom was daar baie variasie in die tendense met bot wat tipiese naloop is van 'n nat seisoen waarin swamsiektes druk hoog was.



29 September 2022 Selma Pete Vanrhynsdorp

Dit het 'n direkte impak op reserwestatus en bring tot gevolg simptome van groeistilstand en vroeë afspeen.

Middel Oktober in blomtyd was daar 'n hittegolf met winde wat baie kultivars in hulle blomtyd gevang het. Alles het bygedra tot afspeen en abortering van blokke. Tans is die droogdruive oeslading beslis ligter as die vorige seisoen met eerste oesskattings wat reeds vroeg November vrygestel sal word.

Die seisoen sal kritiese bestuur benodig vir swambestuur en selfs bemesting. Soos ook uitgewys by die tegniese dae moet hierdie aspekte met baie erns bestuur word, aangesien dit moontlik die uitgawes is wat die kleinste is in die pakkie, maar die enkele grootste bydrae lewer. Op die stadium is die voorspelling dat ryp risiko laer is. Clanwilliam dam het ook na einde van die winter lekker water opgetel na 'n spanningsvolle winter, maar die eerste tekens van die seisoen lyk baie goed in beide Vredendal en Vanrhynsdorp area.

Met die warmer temperature wat nou in beide areas ervaar word, wees waaksaam op die grondvog vlakke en verseker dat gronde nie te veel uitdroog nie – voor blom is die belangrikste tyd vir groeistimulasie.



Belangrike punte:

Bot tot blom

- Vogbestuur: dis krities, op veral die binnegronde kan te droë blokke onderhewig wees aan rypskade, maar te nat kan weer lei tot tipiese “Spring fever” simptome (vergeling en vertraagde groei). Konsulteer met die nodige adviseurs.
- Swambestuur: die afgelope seisoen het basies alle areas hergroei ervaar. Die gevolg is dat daar wyd verspreide witroes en donsskimmel opgetel was. ’n Vroeë, ordentlike program sal help om die probleem te bestuur.
- Volg ’n streng residu en MRL bestuursprogram in samewerking met jou verpakker.
- Verseker bemestingsbeginsels word gevolg asook bestuur per blok, groeikragtigheid en kultivar. Bespreek deurentyd met konsultante.
- Indien simptome van vroeë afspeen, tree vroegtydig op met die nodige aksies, byvoorbeeld tip van lote, set spuite, vogbestuur.
- Goeie lowerbestuur is krities hierdie tyd van die seisoen



2022 Selma Pete



2021 Seisoen - Kritiese bestuur voorblom om die krisis te vermy



2021 - Goeie vrot bestuur begin in blomtyd



Fokusgroep Sessie – 20 Julie 2022

Deur: Ilse-Mari Grobbelaar, Raisins SA

Met 'n uitdagende 2021 seisoen wat baie planne en risikobestuur vereis het, was daar verskeie navrae ontvang vir leiding indien so 'n seisoen homself moontlik sou herhaal.

Nadat hierdie versoeke tydens 'n tegniese komitee vergadering uitgelig is, het die lede dit goedgevind om 'n fokusgroep sessie te hou om van hierdie planne en bestuursaksies te bespreek. Vir 'n diverse bespreking is daar vooraf vasgestelde sprekers en produsente gevra om deel te neem aan hierdie besprekingsgroep, om sodoende soveel as moontlik verskillende insae te kry en goed ingeligte terugvoering aan produsente te kan verskaf.

“

Vier hoof besprekingspunte is geïdentifiseer en op 20 Julie bespreek.

”

Die dag is afgeskop met ekonomiese benadering, waar die deelnemers hulle kennis oor kostebesparingstegnieke met die komitee gedeel het, en verskeie metodes met mekaar vergelyk is. Daarna het verteenwoordigers van ondermeer bemesting, chemie en self sover as Amerika (Fresno) onderskeidelik ingeskakel en saam gesels oor alternatiewe bemestingsbronne, praktiese oplossings en goedkoper droogopsies.

Met 'n propvol dag waarin baie waardevolle inligting en insae gedeel is, het Raisins SA daarop besluit om in die vorm van 'n vier dag tegniese “road show” terugvoer aan die produsente te gee oor wat alles in hierdie fokusgroep sessie bespreek is.



Raisins SA: Tegniese Roadshows

Deur: Ilse-Mari Grobbelaar, Raisins SA



Indien u graag die kostegids elektronies wil ontvang, kontak asseblief vir:

Madene Conradie

Na afloop van die fokusgroep sessie gehou deur tegniese komitee op 20 Julie is vier suksesvolle inligtingsdae deur Raisins SA aangebied waartydens daar terugvoering gegee is oor die onderskeie punte wat tydens hierdie fokusgroepsessie uitgelig is.

Boere, landbou adviseurs en verpakkers het lekker saam gesels oor onderwerpe waar ondermeer die volgende bespreek is:

1. Besparingstegnieke

- Snoeipraktyke
- Langtermyn begrotings
- Kostebestuur
- Grootmaat aankope met korting vs. rentebesparing

2. Bemestingsbronne

- Belangrike aspekte om in gedagte te hou
- Probleem identifisering

3. Effektiewe swambestuur

4. Praktiese oplossings

- Siekte voorkoming (Donsskimmel || Botrytis)
- Nat seisoen na-oes hantering
- Residubestuur



Landbou weekblad

Charl Baard: *Farmer's day in Kakamas*

Deur: Nikite Hartley, Raisins SA

Charl Baard Landbouprodukte, in partnership with Landbou Weekblad, presented a successful farmers' day on Wednesday, August 11, 2022.

This day was devoted to advising producers on how to avoid paying exorbitant fertilizer prices.

Dr. Pieter Raath from Labserves' main point for the farmers was that healthy soil may function well with less fertilization and the right quantity/measure of irrigation. He alluded to the fact that he knew the producers are well acquainted with the information, but some of them were eagerly waiting with a pen and notepad. Professor Karen Jacobs, a soil microbiologist from Stellenbosch University, was Dr. Raath's follow-up. Using complex scientific terminology, her presentation gave visual illustrations, which helped the audience to fully comprehend of what she was explaining.





To stimulate and improve the growth and yield of agricultural crops, Metson World oversees producing and selling foliar nutrients for farming that contains seaweed. Crops gain in overall plant health as well as in the strength of their roots. Additionally, there was more information provided about the kinds of products which Metson World can provide to the producers and how to use them properly. Mr. Dawie du Plessis from Agricol discussed the importance of cover crops. Agricol is a seed business that has spent nearly 60 years aggressively growing its presence on both domestic and international markets. Some of their activities include seed preparation, distribution, global trade, and plant breeding. Dawie concluded that there was a minimal probability that some of the producers would still pay attention after a hectic and adventurous morning during which the producers were given a lot of information. He quickly adjusted his approach and came up with a hilarious technique to get his point across.

Anyone could tell after the first joke that Mr. du Plessis had captured the interest of his audience and maintained it by interspersing jokes throughout his presentation.

The day's final speaker was Mrs. Madene Conradie from Raisins SA, who did a good job of educating the producers on the need for wholesome and secure food for the global market. To explain to the farmers why they can no longer farm as they did 20 years ago, she sought to illustrate this by providing them a few case studies.

As a recently graduated student who has only recently started learning about raisin farming, I found this day to be both quite educational and fascinating. One's palms itches at the prospect of beginning a backyard vineyard after such an informative day.



**'N BOEREDAG VIR
BESPROEINGSBOERE**



SYSTAP HOË KUNSMISPRYSE SÓ

11 Augustus 2022 | Lake Grappa, Kakamas

- Grondgesondheid: Benut jou grondorganismes
- Riglyne om te oorleef
- Doelgerigte grondgesondheidsprodukte
- Rol van dekgewasse

... en nog vele meer












Climate Smart Agriculture (CSA) Projek

Deur: Ebené Oranje-Swarts

Die Climate Smart Agriculture (CSA) Projek is 'n samewerking tussen Metos SA, TerraClim, Geosmart en die Centre for Geographical Analysis (CGA).

Die twee laasgenoemde entiteite vorm deel van die Universiteit van Stellenbosch. Die CSA projek het sy oorsprong in die Wes-Kaap weens hierdie provinsie se komplekse terrein en die groot invloed daarvan op die verbouing van gewasse. Metos SA, 'n maatskappy wat deel vorm van die WinField United South Africa groep, installeer 200 weerstasies regoor die Wes-Kaap as deel van hierdie projek. Die doel is om die provinsie se klimaat beter te verstaan en produsente in staat te stel om beter besluite te neem.



Climate Smart Agriculture opleiding in Upington

Hierdie weerdata word ingevoer in die TerraClim platform, wat weer- en terreindata kombineer om onder andere produsente te help met die identifisering van die bes geskikte gewas of kultivar op plaas/blok-vlak.

As deel van die CSA projek is die span ook getaak om bewusmaking rondom klimaatsverandering te bevorder en om opleiding aan te bied rakende die toepassings beskikbaar in landbou. Dit sal help om beter toegerus te wees en aan te pas by beide kort- en langtermyn weerspatrone en klimaatsverandering.

Metos SA en TerraClim, in samewerking met Raisins SA, het op 10 en 11 Mei 2022 CSA opleidingsdae aangebied in Upington en Kakamas. Die doel was om te illustreer hoe Metos SA se platform, FieldClimate, en TerraClim gebruik kan word om ingeligte besluite te neem spesifiek vir wingerdbou.



Climate Smart Agriculture opleiding in Kakamas



Stefan Jordaan spreek produsente toe in Kakamas



Ilse-Mari Grobbelaar en Ebene Oranje-Swarts

Die bywoning van hierdie opleidingsdae bevestig dat produsente langs die Oranjerivier bewus is van die druk waaronder landbou, en veral wingerdbou, is as gevolg van konstante verandering in weer en klimaat.

As deel van die opleidingsessies was daar ook 'n kort toetsie oor die inhoud van die dag.

“

Baie dankie aan Raisins SA vir die hulp om hierdie opleidingsessies moontlik te maak en dankie aan almal wie dit bygewoon het!

”

METOS[®] SA

TerraClim

geosmart

Pessl
INSTRUMENTS



CGA CENTRE FOR
GEOGRAPHICAL
ANALYSIS

**Technology Innovation
AGENCY**

FFG
Promoting Innovation

Weerstasie uitrolprogram

Deur: Stefan Jordaan, Raisins SA

Klimaat is 'n komplekse, dinamiese stelsel wat bestaan uit die atmosfeer, landoppervlak, oseane en ander waterliggame en lewende organismes.

“

Dit word algemeen erken dat klimaat een van die belangrikste faktore is wat druifkwaliteit beïnvloed.

”

Die voortydige bestuur van wingerdaksies in ag genome die klimaat en weervoorspellings is moontlik die enkel grootste faktor om 'n suksesvolle oes te bepaal en vroeë bestuursbesluite toe te pas.

Weerdata en voorspellingsmodelle word al hoe belangriker, maar groot data-insameling lei in die meeste gevalle tot meer verwarring vir die kliënt, wat daartoe lei dat hulle na ou gewoontes terugkeer (bv. om besluite te neem op grond van vorige ervaring). Die doel van 'n weerstasieprojek is om slegs relevante inligting te verskaf en aksies voor te stel wat deur akkurate data ingelig word.



Voorbeelde sluit in:

- vroeë waarskuwingssisteme ten opsigte van siektemodelle bv. donsskimmel spoor inisiasie;
- vroeë waarskuwings vir uiterste weersomstandighede soos droogte, ryp, hael en vloed;
- toegang tot klimaatsindekse soos koue eenhede en groeiende graaddae.



Figuur 1: Voorbeeld van 'n Pessl weerstasie



Raisins SA is opgewonde om aan te kondig dat die weerstasieprojek uitgerol word die 2022/2023 seisoen. Daar is besluit om na Pessl se produk voorsien deur Metos SA te kyk (Figuur 1), nadat daar vir die afgelope drie seisoene demonstrasie weerstasies in die area is en alle standarde gemoniteer word.

Raisins SA se tegniese komitee het besluit, omdat die stasies tot die hele droogdruifbedryf se voordeel moet strek, dat Raisins SA die kostes vir jaar een sal dek. Dit sal dus nie perb landbouvereniging allokeer word nie.

Plasing van stasies word gedoen in samewerking met Terraclim, wat strategies kyk na die area in geheel en die stasies adviseer op plasing (sien tabel 2 en figuur 1 vir 'n area opsomming van die weerstasies).



Figuur 2: Oorsig van die verspreiding van stasies langs die Oranjerivier

Tabel 1: Opsomming van weerstasie per area

Area	Aantal Stasies	Tipe/posisie van stasie
Groblershoop	1	IMT 300
Grootdrink	1	Grootdrink
May	8	19
Upington	2	IMT 300 Upington binneground
Klippunt	1	Klippunt
Kanoneiland	1	IMT 300
Keimoes	2	IMT 300 Keimoes
Kakamas	1	VAMF
Augrabies	2	Augrabies (binne) – word gehuur IMT 300 (buite) – word gehuur
Marchand	1	IMT 300

Daar sal vyf nuwe weerstasies op vooraf identifiseerde areas geïnstalleer word, met reeds bestaande weerstasies wat ook by die projek ingetrek word.

Nuwe plasings is dus:

1. Groblershoop
2. Upington/Louisvale (binneground area)
3. Kanoneiland
4. Keimoes
5. Marchand



Tydlyn van nuwe stasies se installasies

Stasies word ingevoer met 'n ses weke wagtyd. Tans is die stasies reeds in Suid-Afrika en wag op vrystelling by doeane. Sodra vrygestel sal die stasies gestuur en geïnstalleer word met 'n teikendatum voor einde Oktober 2022.

Pad vorentoe

Buiten toegang wat aan alle produsente beskikbaar sal wees op 'n toep wat gedeel sal word sodra die stasies geïnstalleer is, sal daar ook soos die afgelope twee seisoene in kritiese tye twee-weeklikse voorspellings gestuur word op produsente platforms* waar gebruik gemaak word van Johan van den Berg se voorspellings, asook data verkry vanaf die stasies.

Raisins SA sal ook in kritiese stadiums waarskuwings uitstuur, bv. ryp, primêre donsskimmel infeksie ensovoorts.

In die komende drie seisoene word die stasies toegevoeg sodat daar al meer area spesifieke stasies bygevoeg word, asook in die Olifantsrivier waarby daar dan al meer "Climate Smart Agriculture" toegepas sal kan word.

Enkele voorbeelde van wat hierdeur gebied gaan word

Botrytis infeksie (Upington)



Figuur 3:

Hier sal gesien word hoe die sisteem waarsku in rooi lyn bo wanneer die toestand ideaal was in die maande. Onderste lyn wys die blaar se tydperke van nat.

Donsskimmel infeksie (Upington)



Figuur 4:

Die stelsel verdeel in drie kategorieë, ligte, medium en hoog infeksie.



Witroes infeksie (Kakamas)



Figuur 5:


Die grafiek wys na aanleiding van die temperature en blaar se tydperke van nat wanneer die omstandighede ideaal is vir witroes ontwikkeling.



Figuur 7:

Voorspelling van ideale omstandighede vir spuit van wingerd

Weervoorspelling (Klippunt)



Figuur 6:

14 Dae weervoorspelling wat data intrek vanaf ander weervoorspellings platforms. Hoe langer die stasie in die area is, hoe meer akkuraat begin dit die spesifieke area voorspel.

Dit is krities indien die data gebruik word met die hulpbronne tot ons beskikking, dat daar meer intydse presisie bestuur toegepas sal kan word. Die afgelope seisoen was 'n sprekende voorbeeld daarvan waar een donsskimmel spuit op die regte tydperk maklik 'n sewe dae se ekstra blaarbehoud kon verseker en dus 1.5 baling suiker.

In die afgelope twee seisoene, asook die voorspelling op die komende seisoen, kan hierdie stasies 'n kardinale rol speel op intydse bestuur.



U is welkom om verdere ondersoek in te stel rakende die produk en partye betrokke

TerraClim - Besoek webtuiste

Climate- Smart Agriculture - METOS by Pesl instruments

Besoek webtuiste



Seisoenbestuur

Deur: Michael Redelinghuys, Raisins SA

Met die begin van die seisoen wat alreeds op hande is, is dit krities belangrik om die regte praktyke in plek te kry.

Soos ons weet, is die weervoorspelling deur Johan van den Berg weereens 'n buiten normale nat seisoen wat hopelik neutraal raak na Januarie. Dit is dus baie belangrik om 'n strategie met goeie spuitprogram te volg en die spuite op die regte tye in te kry. Voorkomende spuite is meer voordelig as “krisis/ Firefighting” spuite.

Te geil blokke veroorsaak 'n mikroklimaat met hoë humiditeit en vog wat gunstig is vir swam ontwikkeling. Buiten spuite is lowerbestuur 'n basiese praktyk wat gevolg moet word sodat daar goeie lugvloei deur die blokke kan wees en genoeg sonlig deurgelaat word in die wingerde om nie nat en klam te bly vir onnodige lang tydperke nie.

Witroes spore oorwinter op plantreste en in die grond. Lote en blare wat op die grond lê word ook vinniger geaffekteer. Sistemiese spuite moet voor swam infeksie plaasvind vir optimale beheer.

Donsskimmel simptome is olie-agtige kolle bo-op die blaar met 'n wit skimmel laag onder die blaar, dus belemmer dit optimale fotosintese wat lei na vertraagde groei en 'n afname in produksie. Reën is die hoofrede van die ontwikkeling van donsskimmel, dus, in 'n seisoen soos voorspel, is dit krities om 'n voorkomende spuitprogram te volg sodra toestande gunstig begin raak vir donsskimmel ontwikkeling.

Botrytis infekteer plantweefsel deur wonde of natuurlike openinge. Met die begin van blom is daar nekrotiese (dooie) weefsel soos die blom kappie oopmaak, dus is dit 'n gunstige opening vir botrytis spore om die weefsel aan te val. Die spore kan dan latent raak tot en met korrelvorming en deurslaan. Dus is dit belangrik om botrytis spuite toe te dien met blom en na deurslaan. Spuite moet ook plaasvind voor reën om sodoende verder ontwikkeling te verhoed in ander plantdele ook. Wonde gemaak deur insekte en primêre infektiewe swamme soos witroes is ook 'n ideale plek vir botrytis ontwikkeling, dus moet daar gereelde plaag- en pesmonitering plaasvind saam met lowerbestuur en spuitprogramme.



Residubestuur

Deur: Stefan Jordaan, Raisins SA

Residubestuur is 'n onderwerp wat al hoe meer sy kop uitsteek – veral in die landbou industrie.

Met 'n wyer verskeidenheid produkte om van te kies, word die vereistes waaraan residu vlakke moet voldoen al hoe strenger. Dus word boere al hoe meer onderdruk in watter produkte gebruik mag word en watter nie. Hierdie raak 'n saak van kommer, aangesien bekostigbare produkte wat oor tyd homself bewys het, nie meer toelaatbaar is in die buiteland nie, asook hoe minder produk keuses daar is, hoe meer word daar op enkele aktiewe staatgemaak wat weerstandsbestuur ook baie moeiliker maak. 'n Goeie voorbeeld van so 'n geval is Mancozeb. Die regulasies van die buitelandse markte sê dat die produk nie opgetel mag word in MRL ontledings nie, maar die produk is nie noodwendig van die lys van toelaatbare produkte verwyder nie. Die Suid-Afrikaanse verpakker aan die anderkant het reeds hierdie as 'n nie-toelaatbare produk geklassifiseer.

Die bostaande is slegs een voorbeeld en dit is belangrik dat alle aspekte in ag geneem moet word tydens die besluitnemingsproses van watter produkte om te spuit.

“

Raadpleeg 'n chemiese adviseur en bou soveel moontlik eie kennis op om sodoende die beste, mees ingeligte besluit te neem.

”

Raisins SA is in proses om 'n Suid-Afrikaanse droogdruïwe MRL lys te ontwikkel. Die proses vat baie tyd, aangesien produkte nie noodwendig geregistreer is met afbreek kurwes spesifiek vir droogdruïwe nie.



Pesticides - Information on MANCOZEB

FRUCOM has received a question on mancozeb/dried vine fruit. For Mancozeb EFSA identified certain specific concerns. In particular, it concluded that mancozeb has been classified as **toxic for reproduction category 1B** and that the new criteria to identify **endocrine disrupting properties are met for humans and most likely for non-target organisms**. In addition, it concluded that the non-dietary exposure estimates exceed the reference values for the representative uses in tomatoes, potatoes, cereals and grapevines. Therefore for the representative uses considered, non-dietary exposure to mancozeb also cannot be considered as negligible for the purposes of points 3.6.4 and 3.6.5 of Annex II to Regulation (EC) No 1107/2009. Given the concerns identified the derogation provided for in Article 4(7) to Regulation (EC) No 1107/2009 cannot apply. Therefore, **mancozeb was not renewed as an active substance (EU) 2020/2087**.

Any grace period granted by the Member States in accordance with Article 46 of Regulation (EC) No 1107/2009 shall expire at the latest by **4 January 2022**.

In the EU only active substances authorized for use can be used in agriculture and since mancozeb is no longer an approved substance in the EU it cannot be used (1107/2009).



SAPO Trust Nuus


Deur: Abraham Vermeulen

Met SAPO se hernude fokus op plantverbetering, is alle moeder- en grondvesblokke die afgelope seisoen, stok-vir-stok getoets vir Rolblaar-virus (GLRaV3).

Grafiek 1 toon die toename in die aantal toetse vanaf 2021 tot 2022. Die afgelope seisoen is daar 'n totaal van 19 090 ELISA-toetse gedoen vir Rolblaar-virus (GLRaV3). Grafiek 2 toon die aantal ELISA toetse gedoen op onderstok, droogdruive en tafeldruive.

Die gevolg van die “stok-vir-stok”-toets, het gelei tot 'n tekort in die aantal blokke wat gebruik kon word vir entmateriaal insameling. Die totale aantal bestellings vir Selma Pete ente die afgelope seisoen was 3,49 miljoen. Daar kon slegs aan 47% van die aanvraag voldoen word. Dit plaas die droogdruifbedryf onder druk, maar aan die positiewe kant, is dit 'n versekering aan die produsent dat plantmateriaal in die toekoms vry van ekonomies belangrike virusse sal wees.


ELISA-Rolblad toetse vanaf 2021 tot 2022



Grafiek 1:

Toename in aantal ELISA-rolblad toetse vanaf 2021 tot 2022.

Aantal ELISA-toetse uitgevoer



Grafiek 2:

Aantal ELISA-rolblad toetse uitgevoer op onderstok, droogdruive en tafeldruive





Vrugtevlieg skadebepaling

Deur: Ilse-Mari Grobbelaar, Raisins SA



Soos reeds berig in die vorige nuusbrieff, het FruitFly Africa in samewerking met Raisins SA die vorige seisoen 'n vrugtevlieg skadebepalingsproef geloods.

Die idee agter hierdie proef is om die potensiële opbrengs en ekonomiese verliese wat vrugtevlieë spesifiek in rosyntjiedruif wingerde veroorsaak, te bepaal.

Die skadebepalings proef is beide langs die Oranjerivier asook Olifantsrivier uitgevoer en vorm deel van die area wye beheer program. Hierdie blokke ontvang drie areawye GF-120 lugspatte per seisoen met die doel om vrugtevlieg getalle so laag as moontlik te hou.

Twee konvensionele droog en een droog aan die stok blok, beide wat hul tweede seisoen GF-120 lugspatte ontvang, is langs die Oranjerivier gekontroleer. 100 trosse is vooraf in elke blok geïdentifiseer.

Vrugtevlieg lokvalle ook is in hierdie blokke gehang en moniteer. Hierdie 100 trosse is geoes en 'n aantal geïnfekteerde korrels is geïdentifiseer.

Dieselfde is langs die Olifantsrivier uitgevoer in twee konvensionele droogblokke, beide in hul eerste seisoen GF-120 lugspatte.





Die volgende resultate is verkry:

ORANJERIVIER										
Kultivar	Droogmetode	% verlies a.g.v. vrugtevlieg		Aantal vrugtevlieg mannetjies/lokval (week 1-8)						
Merbein SL	Konvensioneel	2	0	0	0	0	13	7	74	21
Selma Pete	Konvensioneel	5	0	0	0	0	1	0	8	4
Selma Pete	Droog aan stok	0,03	0	0	0	0	1	2	25	27
June	58.6	3.3	4.1	34.3	48.3	24.4	1.8			

OLIFANTSRIVIER										
Merbein SL	Konvensioneel	12	-	-	-	360	1430	894	971	744
Selma Pete	Konvensioneel	43	-	-	-	19	11	13	10	847

Oes van 100 gemerkte trosse

Die gevolgtrekking wat uit hierdie data gemaak kan word is dat lae getalle mannetjies in 'n blok nie beteken dat daar nie gepaarde wyfies is wat eiers lê in die korrels nie.

Hierdie projek word die komende seisoen in beide streke herhaal. Vir die Oranjerivier sal daar egter blokke met hoër getalle vrugtevlieë gekies word om meer akkurate data te versamel.

Dit is ook belangrik dat daar nie te vroeg reeds afleidings gemaak kan word vanuit een seisoen nie, maar dat dit herhalend gedoen moet word oor 'n paar seisoene. Die feit dat vrugtevlieë wel skade maak is bevestig.





Geïntegreerde Plaagbestuur (GPB) vir vrugtevlieë

Deur: Ghian du Toit

Ek is baie lief daarvoor om met my hande te werk en ek put die grootste vreugde daarin om te verdwyn in my motorhuis, en aan klein handwerk projekies (in Engels, “DIY” – Do It Yourself) aandag te gee.

Om ’n rou stuk hout of staal te neem, en dan gereedskap en kreatiwiteit in te span om by ’n eindproduk uit te kom bring groot genot. Maar, krities tot die oefening, is om die regte gereedskap te hê. Ook sal ’n mens nie juis ver kom indien jou gereedskapskis net uit ’n hamer en boor bestaan nie. Dit is juis in die kombinasie van ’n groot verskeidenheid van gereedskapstukke, dat mens in staat is om daardie mooi boekrak of staalhek te maak.



Ek wil hierdie dan as ’n metafoor gebruik om met julle te gesels oor die konsep van Geïntegreerde Plaagbestuur (GPB). Die konsep is ontwikkel deur ’n groep entomoloë van die Universiteit van California in die laat 1950’s. Dit het saamgeval met die wêreldwye omgewingsbewustheid waar mense al hoe meer besef het dat “harde chemikalieë” nadelige effekte op die omgewing het, en nie volhoubaar oor ’n langer termyn is nie.

Wanneer dit dan spesifiek by vrugtevlieë bekamping kom, is daar ’n hele paar “gereedskapstukke”, wat in kombinasie en aanvullend tot mekaar aangewend kan word:

1. MONITERING

Gereelde, doeltreffende monitering van vrugtevlieë spesies bly die “fondasie” wanneer jy ’n Geïntegreerde Plaagbestuur (GPB) “huis” wil bou. Die volgende gesegde is van toepassing:



*“Indien jy nie meet nie,
sal jy nie weet nie.”*



Dit is krities belangrik om te weet wat die insekpopulasie in jou boord is sodat jy vinnig kan optree indien getalle handuitruk. FruitFly Africa (FFA) het ’n wye moniteringsnetwerk in die Noord-Kaap, wat weekliks nagegaan word en data word weekliks aan produsente gestuur, om hulle hiermee te help.



Foto 1. Voorbeeld van 'n lokval met lokmiddel

2. BOORD SANITASIE

Die doel van boord sanitasie is om die vrugtevlieg ontwikkelings- en voortplantingssiklus te kniehalter voordat die winterseisoen aanbreek. Indien dit reg gedoen is behoort 'n klein persentasie van die pes te oorwinter, en sal produsente die nuwe produksieseisoen kan ingaan met 'n aansienlik laer pesdruk. Boordsanitasie behels die intydse verwydering van “nattrossies” na afloop van 'n seisoen, en die verwydering van druiwetrosse wat op die grond geval het. Hierdie trosse moet dan in 'n gat van ten minste een meter diep begrawe en toegemaak word sodat enige vrugtevlieg eiers en/of larwes gedood kan word.

3. LOK- & DOOD MIDDELS

Om insekdoders met 'n lok-en-dood aksie in te span is 'n baie goeie tegniek om vrugtevlieg getalle in toom te hou, en word wêreldwyd met groot sukses gedoen. Dit kan via lugspatte of grondspatte toegedien word, solank streng by die verskaffer se meng- en toedieningvoorskrifte gehou word. FruitFly Africa koördineer area-wye lugspatte van 'n omgewingsvriendelike insekdoder in die Oos-, Wes- en Noord-Kaap, en lugspatte word elke twee weke herhaal. Dit is wel belangrik om te noem dat lugspatte ondersteun moet word deur grondspatte. Produsente word dus gevra om seker te maak dat hulle effektiewe grondspatte doen in weke wat daar nie lugspatte plaasvind nie. Sodoende word die druk op vrugtevlieë behou, en behoort hulle populasie laag te bly.

4. STERIELE INSEK TEGNIEK (SIT)

Nog 'n “gereedskapstuk” is die Steriele Insek Tegniek (SIT) waar vrugtevlieë op grootskaal produseer word, manlike papies gesteriliseer word en steriele mannetjievlieë vrygelaat word in boorde om met wilde vrugtevliegwyfies te paar, wat tot geen nageslag sal lei nie, en dus die vrugtevliegpopulasie verlaag.

FFA het 'n produksieaanleg in Stellenbosch, en lewer steriele vlieë aan die Hexrivier vallei, Elgin, Grabouw, Vyeboom, Hemel & Aarde, Warm bokkeveld, Wolseley en Tulbach. In Januarie 2022 het FFA ook 'n loodsprojek in die Noord-Kaap van stapel gestuur om steriele vlieë vry te laat, wat tans beperk is tot Blouputs, Kakamas en Narries.

5. ALTERNATIEWE GASHEERPLANTE/BOME

Een van die groot oorlewingsstrategieë van vrugtevlieë is dat hulle kan oorleef in 'n baie wye gasheer reeks (plante en bome). Benewens kommersiële vrugtegewasse, kan vrugtevlieë ook oorleef in ornamentele en wilde plante/bome met vruggies/bessies. Die Mediterreëse vrugtevlieë (Ceratitis capitata - MedVlieg) het byvoorbeeld meer as 260 gasheerplante/bome waar hulle suksesvol kan oorleef. Die gevreesde Oosterse vrugtevlieë (Bactrocera dorsalis - Bd) het meer as 200 gasheerplante/bome uit meer as 26 plantfamilies, waarvan mango's en koejawels hulle gunsteling is. Beide hierdie vrugtevlieë is geklassifiseer as internasionale kwarantynpeste, wat die erns van hulle voorkoms beklemtoon.

Verder is dit ook belangrik om te let op tuine rondom plaashuise en werkershuise. 'n Fraai roosboom aanplanting of lekker koejawelboom mag dalk 'n teelaarde wees vir vrugtevlieë, wat dan maklik kan oorvlieg na 'n kommersiële wingerblok en groot skade maak.

“

Wees dus op die uitkyk hiervoor en verwyder asseblief so ver moontlik alle gasheerplante/bome.

”



Foto 2. Voorbeeld van hoe steriele vrugtevlieë vrygelaat word in boorde



Markintelligensie, -navorsing & -ontwikkeling



Brief vanaf voorsitter

Deur: Johannes Fourie

Rosyneprodusente, soos die meeste landboukommoditeite, is bekend met die sikliese neiging van pryskommelings. Ons was drie jaar gelede by R28/kg en nou by R21/kg.

Dit terwyl insetkoste soos brandstof, kunsmis, spuitstowwe, verskepingkoste, elektrisiteit en arbeid om maar net 'n paar te noem, deur die dak geklim het.

Daar is baie vinniger as ooit tevore geïnvesteer in ons rosynebedryf met nuwe aanplantings, droogfasiliteite en verpakkingsaanlegte.

Die groter aanbod van ons produk op die oorsese markte vereis ook 'n beter gesamentlike promosie program met ons aankopers daar.

Dit bring ons by groot uitdagings te staan, veral ook omdat ons in 'n nat siklus is met baie reën in oestyd wat swakker gehalte rosyne meebring. Die baie reën in oestyd veroorsaak ook groot ekstra spuitkoste vir produsente.

Ons is genadiglik deur die jare voorheen al deur baie moeilike omstandighede gedra.

Ons as produsente glo ons produseer 'n baie gesonde, voedsame produk, wat bekostigbaar is en baie goed presteer met die warm son en genoeg water wat in die Benede-Oranjerivier vloei.

Die verbruik van rosyne is nie 'n modegier nie, maar kom vanaf die vroegste Bybelse tyd af. Dit is nou baie nodig dat ons as produsente, verpakkers, bedryfsorganisasie, finansierders en regering alles in ons vermoë doen o saam te staan om dié wa deur dié drif te trek. Ons verskaf werk aan nagenoeg 30 000 mense en verdien baie buitelandse valuta, omdat nagenoeg 85 % van ons produk uitgevoer word.

Ons glo dat ons aan die einde van die nat siklus is en dat die prys van ons produk weer gaan herstel. Ons moet net saam met ons finansierders die beld stywer vastrek en nie moed verloor nie.



Verpakkers- risiko's

Deur: Charl du Plessis,
Oranjerivier Wynkelders

Met die skerp groei in aanbod van rosyne uit Suid-Afrika, is daar 'n beduidende verhoging in die finansiële blootstelling van verwerkers op die huidige aankoopmodel waarvolgens verwerkers eienaarskap neem van die produk aan die begin van 'n seisoen.

Histories is hierdie markrisiko (en die finansiering van die voorraad) deur 'n relatiewe hoë marge van tussen 35% en 40% tot 'n mate verskans.

As gevolg van die statiese wêreldverbruik van rosyne, is die pryselastisiteit baie laag en lei dit dikwels tot groot skommeling in verkoopprijs van rosyne. Die prysverlagings in die orde van 10 tot 20% slaag nie werklik daarin om addisionele verbruikersvraag te stimuleer soos by meeste bederfbare landbouprodukte nie. Neem tafeldruive as 'n voorbeeld: waar 'n verlaging van 20% in prys maklik die verbruik van die produk met 50% kan verhoog, veral as dit lei tot sekere kritiese pryspunte op die rak, €1.49 vir 500gr punnet. Met rosyne bestaan daar basies geen korrelasie tussen die groothandelprijs vir die produk en die prys op die winkelrak nie.

Die balans tussen vraag en aanbod word maar gevind in 'n variasie in oesgrootte van lande soos Amerika, Turkye en meer onlangs Suid-Afrika en Oesbekistan. Daar moet ook in gedagte gehou word dat waarskynlik meer as 40% van die Suid-Afrikaanse oes eers na Maart maand in die mark kontrakteer word.

Uit 'n koper se oogpunt is dit ook in sy belang om so laat moontlik te kontrakteer, wat die wisselvalligheidsprofiel van die mark aansienlik verhoog. As ons die markrisiko kwantifiseer in terme van \$200 per ton swaai, manifesteer dit in R328 000 000 verminderde inkomste vir die bedryf op 'n 95 000 ton oes. In 2022 het die prys van Thompsons met ongeveer \$300 per ton verlaag van Februarie tot September. As duimreël, sal 'n \$200 verlaging in verkoopprijs die EBITDA van 'n verpakker met tussen 55% tot 65% verlaag. Hierdie markblootstelling in 'n produk met sterk kommoditeit profiel en relatief min differensiasie, gaan waarskynlik lei tot meer konserwatiewe aankooppraktyke in die toekoms.

Ons het 'n model waarmee ons die sensitiwiteit van die onderskeie besigheidsrisiko's kan toets op die finansiële prestasie van Properitas op 'n EBITDA vlak. Dit sluit in gradering, wisselkoers, aankooppryse, verkoopprijs en voorraad drakoste. Van hierdie veranderlikes het verkooopprijs loshande die grootste impak en ek dink dit is waar die meeste risiko sit. Hou ingedagte dat RSA Thompsons op hierdie stadium met baie weerstand verhandel teen \$1900 FOB. Hierdie vlak is nie ver van die Turkse no. 9 pryspunt nie. Die waarskynlikheid van 'n bewese aanpassing na \$1650 raak volgens my persoonlike opinie meer beduidend.



//// PowerPulse

Accelerating renewable energy solutions in Africa

The African continent continues to be one of the world's fastest-growing economic hubs and prioritizing the improvement of Africa's energy supply is key to unlocking further growth.

Energy security has become a major strategic business imperative in Africa and South Africa. Energy security challenges inhibiting business development and the mounting costs of power continue to persist. This coupled with decreasing technology costs and an array of supportive green energy policies and incentives make a compelling case for investing in energy efficiency and renewable energy solutions. As a bank that is at the forefront of energy transition, we are committed to partnering with businesses and other relevant stakeholders to ensure we find the right energy solutions to improve and drive Africa's growth.

South Africa has one of the highest solar irradiation levels in the world, which means the country has the perfect conditions to embrace clean solar energy.

Before investing in renewable energy generation, one of the banks approved engineering procurement and construction companies can assist with an energy audit which can help you identify how your business can conserve energy and which energy efficiency measures should ideally be implemented. This is only one of the reasons why you, our customer, should consider Standard Bank for your business sustainability funding needs.

At Standard Bank we understand what matters to our clients, and we follow a client centric strategy which involves extending our industry expertise to address our clients' needs. Standard Bank has the knowledge and expertise to design financing solutions in this sector. We support clients in the industrial, commercial, and agricultural markets looking to reduce their electricity costs and have energy security.



Standard Bank is powering sustainable, decentralised electricity supply with its PowerPulse offering





Standard Bank Group is powering real impact with its latest offering: PowerPulse, an innovative digital platform designed and built to transform the way we produce, deliver and consume energy in South Africa, and in time, across the African continent.

Through PowerPulse, Standard Bank is helping clients source alternative means of energy production. This platform guides clients in making the right technical decisions and selecting the right installation partners. This is then aligned to the most appropriate legal and funding solutions, all within the complex regulatory and approval environment.

“We developed this offering as part of our long-term commitment to drive the right environmental decisions with the commercial sustainability of our clients in mind. It is our ambition to accelerate the adoption of renewable energy solutions in Africa by providing a platform that fulfils a supportive, coordination and optimisation role in these projects,” said Deerosh Maharaj, Senior Manager, Power & Sustainable Solutions, Natural Resources at Standard Bank Group.

PowerPulse is a digital platform enabler of Standard Bank’s renewable energy sector strategy and is being embraced by clients across the Corporate and Investment Banking and the Business and Commercial Clients segments. Since the digital platform’s successful launch in July 2021, it has been facilitating solar photovoltaic (PV) exploration for commercial and industrial businesses across South Africa.

With a healthy pipeline of client transactions in progress, and growing steadily, the Group is swiftly evolving its business model with an entrepreneurial and commercial mindset on adjacent client value propositions. This includes residential solar facilitation in partnership with LookSee, a digital platform operating in the residential property market, following a successful proof of concept (POC), metering and monitoring data and solar PV panel bulk procurement facilitation for solution providers.

“Our recent POC in the residential market was very successful, offering great insights and learnings. We are excited to enter this segment with the introduction of more solution providers to our platform and with our partnership with LookSee as our go-to-market partner,” said Kevin Ssemwogerere, PowerPulse Corporate Venturing Lead, CIB Digital at Standard Bank Group.



A new and more automated version of the digital platform is also expected to be launched in the near future.



As the Group accelerates towards its 2025 Ambition of becoming a client-centric, digitally enabled platform business, it is creating innovative solutions and new partnerships to better serve its clients. Deepening digitisation across the continent is opening new doors and PowerPulse was developed to help address both the energy security and climate change challenges faced.

PowerPulse is well positioned to contribute significantly to the sustainability of the South African economy and the continent, driving sustainable and inclusive growth across Africa. Furthermore, the reduction of the cost of energy and security of supply provided by Solar PV is compelling.



We are solving a problem by bringing producers and consumers together whilst creating value for all participants – digitally enabled – with the ingredients and ambition to not only be a successful business but also a platform business that makes a positive environmental impact

- Ssemwogerere



For more information about a Solar PV Asset Solution, contact your Relationship Manager or email us at

solarpv@standardbank.co.za

naturalresources@standardbank.co.za

The PowerPulse offering can also be accessed via Standard Bank's OneHub platform.





Export trading company seminar

Deur: Victoria Ramafoko, Raisins SA

Afreximbank hosted a seminar that was based on Export trading company. An Export trading company is a company that primarily engages in exports of diverse goods and services to several markets.

With the help of important stakeholders, Afreximbank's primary goal is to create a digital ecosystem with the intention of removing or drastically reducing major trade and financial flow barriers inside the continent. This is expected to hasten intra African trade.

To close the knowledge gap and raise awareness of the comparative advantages and ability of nations and provinces to deliver goods in accordance with international standards and competitive terms, Afreximbank has been on the journey of providing advice to governments and project promoters on investment promoters' activities on trade particularly export trade companies.

The seminar was quite insightful as it touched on key pillars of (ETC) which enable any local organisations to thrive and tap into international markets. The key focus on this whole exercise was to have an "Africa centric approach" to develop intra-trade among other African countries and consequently inter-trade to other countries in the world.

One of the main tenets of Export Trading Company is to act as a leverage partner to selected small- and medium-sized businesses, bringing at least three capabilities that are typically lacking in small- and medium-sized businesses, namely capital and financing, good management practices, and governance.



Afreximbank promoted many of these interactions so that organizations might learn about these projects and arm themselves with trade knowledge.





Kwaliteit van rosyne

Deur: Percy Jooste, Raisins SA

Wat is 'n goeie kwaliteit rosyntjie?

Die belangrikste eienskap van rosyne is eetgehalte. Dit moet lekker smaak vir die verbruiker en die produk moet voedselveilig wees.

Hoe verseker ek as produsent hierdie eienskappe:

1. Suikergehalte van rosyne is van kardinale belang. Oes jou produk op optimale suikers per produksoort wat jy wil maak.
2. Produk moet nie taai wees nie: werk versigtig met jou produk en droog op nette op die baan of op rakkies.

3. Kleur speel by Goue sultanans en OR 'n groot rol. Oes op optimale suikers, oes gesonde druiwe en kyk na weerveruiskattings.
4. Produk moet sonder vreemde voorwerpe wees – hierdie aksie begin al in die wingerd, dan op die droogbane en ook as jy dit oplaai op die vragmotor.
